higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GEMEENSKAPSGEORIËNTEERDE PRIMÊRE SORG
NKR VLAK 3

(9010113)

21 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

360Q1N2421

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
GEMEENSKAPSGEORIËNTEERDE PRIMÊRE SORG
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1


1.1 Bespreek die faktore wat lei tot die ontwikkeling van GOGS:

1.1.1 Globaal (5 × 1) (5)

1.1.2 In Suid-Afrika (4 × 1) (4)

1.2 Bestudeer die kaart en beantwoord die vrae wat volg.

SCOTTSVILLE-GEMEENSKAP



[Bron aangepas uit: *https://www.google.com/maps/place/Scottsville+Clinic+SRH/@-29.6378141,30.3842591,16z/data=!4m6!3m5!1s0x1ef6bda8b619ffc5:0x13d6686b2cecf9bc!8m2!3d-29.6413301!4d30.3931032!16s%2Fg%2F1thd42lm?entry=ttu*]

1.2.1 Identifiseer DRIE tipes dienste op die kaart en gee EEN voorbeeld van 'n fasiliteit vir elke diens. (3 × 2) (6)

1.2.2 Noem watter GOGS-beginsel en komponent geld in die kaart hier bo. Staaf jou antwoord. (2 + 1) (3)

1.2.3 Stel TWEE vennootskappe tussen bogenoemde organisasies wat gelei kan word tot die verbetering van mense se gesondheid in die gemeenskap. (2 × 2) (4)

1.3 Bespreek Carl Taylor se lewens en sy bydrae tot die verspreiding en ontwikkeling van GOGS in Indië. (8 × 1) (8)

[30]

VRAAG 2

2.1 Uit die lys hier onder, kies die rolspeler wat verantwoordelik is vir verspreiding van GOGS na ’n spesifieke land. Skryf slegs die rolspeler langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

Dr Sidney en Emily Kark; Dr Geiger; Dr Cassel; Dr Carl E. Taylor, Dr Jaime Goffin

2.1.1 Het gehelp met die vestiging van GOGS in Katalonië (Spanje).

2.1.2 Het by ’n ekspedisie na Nepal as ’n dokter aangesluit w3aar hy die eerste openbare gesondheidsorg-opname in daardie land onderneem het.

2.1.3 Het die Departement van Sosiale Medisyne van die Hebreeuse Universiteit en die Hadassah Mediese Organisasie gevestig, waar hulle ’n Meestersgraad in Openbare Gesondheidskursus ontwikkel het.

2.1.4 Die rolspeler(s) wat Pholela verlaat het en GOGS in Noord-Karolina (VSA) begin het.

2.1.5 Het Pholela besoek en wat hy geleer het na Mississippi (VSA) teruggeneem. (5)

(5 × 1)

2.2 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

VYF MENSE GEDOOD IN KAAPSTAD TAXI-STAKINGSGEWELD

Die weeklange staking is uitgeroep in reaksie op wat bestuurder "lomp taktiek" deur wetstoepassingsowerhede noem. Die taxibestuurders en -eienaars het gesê hul voertuie word geteiken en vir geringe oortredings geskut.
Oortredings sluit in dat bestuurders nie sitplekgordels dra nie en die onwettige ry in die noodbaan, het bestuurders gesê. Minibustaxi-operateurs regoor Kaapstad het ook hul frustrasies gelug dat die regering taxi’s skut wat hulle beweer nie padwaardig is nie. Die Kaapstadse owerhede beweer dat baie minibustaxi’s sonder ’n geldig PDP-lisensie werk.

Die Suid-Afrikaanse Ministerie van Polisie het gesê 120 mense is in hegtenis geneem sedert die stakings op 3 Augustus 2023 begin het en hulle is bewus van voorvalle van plundering, klipgooiery en brandstigting. Bheki Cele, Minister van Polisie, het ook bevestig dat ’n polisiebeampte en ’n Britse burger onder diegene is wat gesterf het. Inwoners in die Masiphumelele-township het Dinsdag versperrings opgerig wat ander inwoners verhinder het om te vertrek. Baie van daardie versperrings is aan die brand gesteek.

[Bron aangepas uit*: https://www.bbc.com/news/world-africa-66445019*]

2.2.1 Bespreek die vereistes om ’n wettige taxibesigheid te bedryf. (4 × 2) (8)

2.2.2 Bespreek die effek van die taxistaking op die gesondheid en welstand van die betrokke gemeenskappe. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.2.3 Hoe kan die GOGS-beginsel EEN help met die voorkoming van taxigeweld in die toekoms? (7 × 1) (7)

[30]

VRAAG 3

3.1 Bespreek die belang van die *Verklaring van Alma Alta*. (5 × 1) (5)

3.2 Kies 'n tipe sosiale toelaag uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
3.2.1	'n Voorbeeld van gemeenskapsmassa-deelnameprogram	A	hidro
3.2.2	Amptelike padveiligheidsprogram van die Departement van Vervoer	B	Departement van Hoër Onderwys en Opleiding
3.2.3	Voorbeeld van 'n bron van nie-hernubare energie	C	Departement van Basiese Onderwys
3.2.4	'n Inisiatief van die Departement van Kuns en Kultuur wat handwerkers en kunstenaar die geleentheid bied om hulle werk te promoveer	D	jeugkampe
3.2.5	TVOO-kolleges word deur ... beheer.	E	uitgebreide inentingsprogram
3.2.6	Die sertifisering van dokumente	F	K9 eenheid
3.2.7	Inentings geskeduleer vir babas gebaseer op hulle ouderdom	G	Kom veilig aan
3.2.8	Oogmerk om gesonde leefstyl onder bejaardes aan te moedig	H	handwerk-punte
3.2.9	Spesiale polisiemag wie se pligte insluit om veediefstal te verhoed	I	SAPD
3.2.10	Gespesialiseerde polisiehondeenheid	J	berede eenhede
		K	goue speletjies

(10 × 1) (10)

3.3 Lees die verklaring en beantwoord die vrae wat volg.

VMNKO is 'n benadering wat in die openbare-gesondheidsinstellings van Suid-Afrika gebruik word vir vroue tydens voor- en nageboortesorg.

3.3.1 Waarvoor staan die afkorting *VMNKO*? (1)

3.3.2 Bespreek die verskil tussen *voorgeboorte sorg* en *nageboorte sorg*. (2 × 2) (4)

3.3.3 Wat is die hoofoogmerk van die VMNKO-benadering? (2)

3.3.4 Bespreek die VIER hoofdele van die VMNKO-benadering wat deur verpleegsters in die Primêre Gesondheidsomgewing aangebied word. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 4

4.1 Bespreek hoe die aktiwiteite Pholela tot die ontwikkeling van die GOGS-beginsels gelei het. (5 × 2) (10)

4.2 Verduidelik hoe die Suid-Afrikaans regering sosiale verandering deur die volgende dienste te weeg bring:

4.2.1 Ekstra skoolondersteuningstelsel

4.2.2 Gemeenskapspolisiëringsforum (GPF)

4.2.3 Skoolgesondheidsdienste

4.2.4 SA connect (Gratis Wi-Fi vir armer gemeenskappe)

(4 × 5) (20)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies gegee word en skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Die (Gluckman-verslag/Alma Alta) wat spesiale aandag aan voorkomende medisyne gegee het, is in 1945 in Suid-Afrika vrygestel.

5.1.2 GOGS-programme soos die Peckham Health Centre in Engeland is in (1952/1926) bekendgestel.

5.1.3 Die GOGS-benadering tot gesondheid is in (Manzoni/ Pholela), 'n landelike gebied in Kwazulu-Natal geïnisieer.

5.1.4 In 1946 is die (Instituut vir Gesins- en Gemeenskapsgesondheid/ Instituut vir Individuele Gesondheid) in Durban gevestig om gesondheidsorgprofessionele op te lei om die betrokke navorsing uit te voer.

5.1.5 In 1948 het die (Sosiale Party/Nasionale Party) aan bewind gekom, wat die politieke situasie in Suid-Afrika verander het.

(5 × 1) (5)

5.2 Bespreek die oogmerk van die volgende regeringsgeleide programme wat gemik is op honger onder ons burgers.

5.2.1 Nasionale Skoolvoedingsprogram

5.2.2 Nasionale Voedselverligtingsprogram

(2 × 5) (10)

5.3 Noem verskillende maniere hoe gemeenskappe die volgende dienste kan kry:

5.3.1 Water

5.3.2 Elektrisiteit/krag

5.3.3 Sanitasie

(3 × 5) (15)
[30]

VRAAG 6

6.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.1.1 ’n Versorgingsafhanklikheidstoelaag sal geskik wees vir Michael (ouderdom 6) wat masels het.

6.1.2 Mnr. Osama (ouderdom 53) is skisofrenies (geestessiekte) en kwalifiseer dus elke maand vir ’n gestremdheidstoelaag.

6.1.3 Pleegsorg is ’n proses waardeur ’n kind in iemand wat nie sy/haar biologiese ouer is nie se permanente sorg geplaas word.

6.1.4 ’n Pleegsorgtoelaag word gegee vir ’n pleegouer wat volgens die wet aangestel is.

6.1.5 Suid-Afrikaanse Sosiale Sekuriteitstoelaag (SASSA) is verantwoordelik vir die administrasie van aangewese toelae.

6.1.6 Mev. Singh (ouderdom 58) kwalifiseer vir ’n ouer persoon se toelaag.

6.1.7 Aanneming is die tydelike plasing van ’n kind wat versorg deur ’n volwassene is wat nie sy/haar biologiese ouer is nie.

6.1.8 Sally kan kindertoelaag vir haar twee kinders ouderdom 19 en 21 kry.

6.1.9 ’n Hulptoelaag is ’n addisionele toelaag wat die voltydse versorger van iemand is wat ’n sosiale toelaag kry.

6.1.10 Tuisversorging is gesondheidsorg wat aan huise in arm gemeenskappe verskaf word met die oog om mense se gesondheidstandaarde te herstel en handhaaf.

(10 × 1) (10)

6.2 Lees die volgende TWEE uittreksels hier onder en beantwoord die vrae.

INLIGTING AANGAANDE DIE COVID-INENTING WAT OP VERSKEIE INTERNETBRONNE GEPLAAS IS

ARTIKEL 1: INLIGTING GEDRUK OP DIE SSB (SENTRUM VIR SIEKTEBEHEER) WEBWERF

Resultate van veiligheidsmoniteringspogings is gerusstellend. Die meeste mense het geen newe-effekte nie. Sommige het newe-effekte gerapporteer wat jou vermoë om daaglikse aktiwiteite te doen kan beïnvloed, maar dit behoort binne ’n paar dae weg te gaan. Ernstige nadelige gevolge ná ’n COVID-19-inenting is skaars, maar kan voorkom.

Teen 14 Junie 2021 is die volgende ernstige gevalle in die VSA aangemeld nadat hulle ’n entstof ontvang het:

- Erge allergiese reaksie het by 2 tot 5 mense per miljoen ingeënt voorgekom.
- 36 bevestigde gevalle van bloedstolling per 11,7 miljoen dosisse.
- Hartspierontsteking het by 511 mans van 30 jaar en jonger voorgekom

[Bron aangepas uit: https://www.cdc.gov/coronavirus/2019-ncov/vaccines/safety/adverse-events.html]

ARTIKEL 2: VERKEERDE INLIGTING GEPLAAS OP VERSKEIE SOSIALEMEDIAPLATFORMS

- Die Pfizer-entstof gebruik mRNA-tegnologie wat met jou DNA peuter. 75% van entstofproefvrywilligers het hierdie newe-effek ervaar.
- "Dit is ontwerp om vroue onvrugbaar te maak." Soos op Twitter geplaas deur ’n Amerikaanse joernalis wat as ’n Withuis-korrespondent vir die Newsmax-mediaorganisasie werk.
- "In Peru is inenting teen COVID-19 nou verpligtend en enigiemand wat weier om dit te gebruik, sal gearresteer word. Dit het begin, WORD WAKKER. Kommunisme is ’n ware bedreiging vir ons vryheid en demokrasie."
- "Pasop jou regering kan jou alledaagse bewegings deur die entstof trek, en sodoende inligting aan verskeie organisasies deurgee" – op Facebook geplaas.
- "Moenie die entstof neem nie – die Chinese het ’n biologiese wapen ontwikkel wat die entstof as ’n administratiewe middel gebruik."

[Bron aangepas uit: *dw.com/coronavirus-vaccines-fake-news-and-myths-go-viral/a-55652267]*

6.2.1 Watter telekommunikasiediens is die bron van beide artikels? (1)

6.2.2 Verskaf VIER voordele van die bron wat in VRAAG 6.2.1 genoem is. (4)

6.2.3 Lewer ’n argument oor die effek van telekommunikasie dienste op persoonlike gesondheid en welstand.

Verwys na beide artikels om jou argument te staaf. (10 × 1) (10)

6.2.4 Watter artikel is op GOGS-beginsel 1 gebaseer? Staaf jou antwoord. (5)

(5 × 1)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou